

# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**19 APRIL 2026**

## Vreemdelinge, geken aan radikale liefde 1 Petrus 1:17-23

Beweging 1:
a. Verwelkom elkeen in die groep en vier enige verjaarsdae en ander hoogtepunte.
b. Word ’n oomblik stil om bewus te word van God, van mekaar en ons omgewing. Laat ons voete op die grond ons herinner aan ons kontinent, ons land, ons dorp, ons buurt... Wat druk God vandag op jou hart?
c. Open met gebed
Beweging 2:
Ons het onlangs die Groot Lydensweg, Goeie Vrydag, Stil Saterdag en Paassondag herdenk en gevier. Gee terugvoer oor jou gewaarwordinge in hierdie tyd. Het die Here iets in jou kom wakker maak? Het die Gees jou verander of dalk geïnspireer?
Lees 1 Petrus 1:17-23
Die outeur herinner die gelowiges wat verspreid leef in Klein-Asië dat hulle weer gebore is, uit onverganklike saad. Dit is uit die Woord van God. Watter rol speel die Woord van God in ons lewens?
Beweging 3: **Vreemdelingskap**
Die gelowiges word hier uitgebeeld as “vreemdelinge”. Daar is gevalle in die
Nuwe Testament waar klem geplaas word op gelowiges se huis in die hemel en nie op die aarde nie. Hier word verwys na gelowiges wat in ’n kultuur leef waar hulle nie deelneem aan die gebruike van hulle tyd nie. Hulle is in ’n gevaarlike posisie, want om nie deel te neem aan die Romeinse gebruike nie, beteken hulle is ’n bedreiging vir die samelewing se stabiliteit. Hulle kies egter om afstand te doen van die Romeinse kultuur en hulle af te sonder vir God. Hoe voel dit om ’n vreemdeling te wees? Hoe gemaak as dit vir ons moeilik is om as vreemdelinge in ons kultuur op te tree – omdat ons Jesus volg? Ken ons sulke verhale in ons tyd?
Beweging 4: **Die koste van verlossing**
In die vroeë Christendom was die bloed van Christus ’n algemene metafoor vir verlossing. Hierdie verlossing verwys nie na verlossing van sonde nie, maar eerder na die loskoop van ’n vorige lewe. Die vorige lewe word beskou as ’n oppervlakkige en dwase lewe. Dit is ’n lewe wat nie waarde het nie. Silwer en goud weeg niks in vergelyking met die bloed van Christus nie. Die omvang van die loskoopprys is nie belangrik nie. Verlossing vind nie plaas omdat God in die vorige lewe wil ingryp nie. God kies om deur Christus op te tree en gelowiges te transformeer. Ons kry so ’n nuwe identiteit, omdat Christus ons uit ’n vorige, dwase lewe loskoop. Wat is die implikasies van hierdie loskoopprys wat vir my en jou betaal is?
Beweging 5: **Genadige geregtigheid**
Die gedagte van God as regter is bekend in die Joodse tradisie. God as Vader beteken ook dat God as regter optree. Die beslissing van regters was dikwels betreur, aangesien dit ’n algemene probleem was dat regters omkoopgeld aanvaar het. Dit was ’n algemene gedagte dat Christene op grond van hulle werke geoordeel sal word.

Hierdie gedagte staan nie in kontras met gelowiges wat uit genade gered word nie. Om bloot uit genade gered te word moet nie as vanselfsprekend aanvaar word nie. Gelowiges word geroep om hulle lewe te transformeer deur gehoorsaam te wees aan God, wat 'n regverdige en genadige regter is. Hoe sou die Regter oor ons lewens oordeel – juis in die lig van die feit dat genade nie goedkoop is nie, maar ons oproep tot nuwe lewens?

Beweging 6: **God die Vader**

Die beeld van God as Vader is goed bekend. Dit resoneer met die antieke lewensbeskouing van die pater familias wat die hoof van die familie was en alle besluite geneem het. Die rol van die pater familias was om seker te maak die huishouding het 'n toekoms en dat hulle veilig is. Dit is 'n tipiese patriargale beeld wat oorgeneem word om iets uit druk van 'n pa wat sorg vir en in beheer is van sy kinders. Hierdie is net een voorstelling van verskillende maniere waarop God in die Skrif uitgebeeld word. Wat beteken hierdie metafoor as beskrywing van God vir ons vandag?

Beweging 7: Sluit af met gebed en geniet 'n heerlike koppie tee en verkeer gesellig saam.

Aankondiging:

a. Pinkster vind plaas vanaf Sondagaand, 17 Mei tot Woensdagaand, 20 Mei. Dienste word die volgende oggend (Maandag tot Donderdag) om 10:00 herhaal.

b. Basaartyd – Vrydag, 29 Mei (12:00 tot 20:00)! Tema: Ommi-wêreld. Waar wil julle kleingroep help? Laat weet asseblief die kerkkantoor. Elke hand is nodig en word waardeer.